DIE EVANGELIE VOLGENS EL GRECO

Julian Müller

Tydens ons onlangse besoek aan die Metropolitan Kunsmuseum in New York, was ek en my vrou bevoorreg om 'n uitstalling van die kunstenaar El Greco se skilderye te besigtig.

El Greco is gebore in 1541 en sy naam beteken letterlik "Die Griek". Want hy was van Griekse oorsprong, maar het beroemd geword vir sy skilderwerk in Toledo, Spanje. Daar het hy 'n aanstelling van die vors gehad om amptelike werk te doen en veral kunswerke vir die katedraal te lewer.

Hy het pragtige skilderye geverf met godsdienstige temas. Daar is werke oor Maria, Maria Magdalena, Jesus se geboorte, Jesus se salwing met die Gees, die opstanding

Een opvallend kenmerk van die uitstalling was dat van 'n paar van sy skilderye daar 'n kleintjie en 'n grote van dieselfde skildery geskilder is. 'n Kleintjie vir sy studio en 'n grote vir kommersiële gebruik. Replikas, met tog 'n baie subtiele verskil in klein detail Daar was byvoorbeeld twee kopieë van die werk waar Jesus die handellaars uit die tempel dryf. Al verskil tussen die klein en groot weergawe was die agtergrond. In die een geval het hy die geboue op die agtergrond in Romeinse boustyl geskilder en in die ander geval weer in Griekse boustyl.

Die feit dat 'n mens sommer so na willekeur 'n agtergrond kan teken en ook weer verander, het my aan die dink gesit. Is dit reg? Mag dit?

Die antwoord is dat dit nie anders kan nie. Jesus word vir elkeen van ons wat in Hom glo, mens in ons menslike situasie. Hy neem ons vlees aan. Nie net vlees in die algemeen nie. My en jou vlees.

Daarom doen Christene deur al die eeue presies wat die skilder doen. Ons ontvang Jesus in ons wêreld, ons teken Hom op ons doek, ons sit ons eie dekor vir Hom in. As ons dit nie doen nie, staan Hy buite ons wêreld en beteken Hy vir ons niks nie.

Die vraag vandag is: in watter wêreld kom Jesus vir jou tereg? Wat is die agtergrond wat jy inteken?

Die dekor kan baie vaag en algemeen wees. Ge-"blur", uit fokus. Dit is

wanneer ons sukkel om te verstaan wat Jesus nou hier vir my onder hierdie omstandighede beteken. Dan het mens net 'n algemene verstaan van die betekenis van Jesus. 'n Katkisasieboekverstaan. Jy kan 'n paar rympies opsê oor die feit dat Jesus mens geword het, dat Hy aan die kruis gesterf het, dat Hy sondes vergewe, dat Hy liefdevol is…Maar Hy word nie vlees in jou spesifieke wêreld nie. Jou gesin se dekor, die besigheid se dekor, jou huwelik se dekor en sulke dinge kry jy nie ingeteken nie.

Ander kere kan die dekor weer verskriklik individueel en selfs individualisties wees. Dan teken ek net my eie persoonlike lewetjie in op my skildery. Dit is wanneer mense 'n soort "Liewe Jesus"-godsdiens het. Liewe Jesus, maak my hartjie rein… Dit gaan dan net oor my persoonlike verlossing. Dat Hy gekom het as verlosser van die Kosmos, die groot wêreld, gaan by my verby. Dit is dan dat mense weier om die betekenis van Jesus in te sien vir die politiek, vir die ekonomie, vir vraagstukke oor oorlog en vrede. Dan ontwikkel 'n selfsugtige soort spiritualiteit waar Jesus net na my persoonlike belange omsien, Hy voorsien in my daaglikse behoeftes.

Andersom sou ons ook weer die dekor so wyd en groot kon teken, dat Jesus vir die groot sake van die dag betekenis het, maar nie juis vir my persoonlik nie. Dan word die Christendom 'n morele en etiese sisteem sonder warmte en persoonlike betekenis.

El Greco het my opnuut geleer dat dit nie net moontlik is om jou eie dekor vir die Jesusgebeure in te teken nie, maar onafwendbaar en dat ons moet weet dat ons gedurig besig is om dit te doen